

24 Februarie 2012

E-pos: louise.corbett@aurecongroup.com

Geagte Geregisteerde Belanghebbende en Geaffekteerde Party

**BEOOGDE TRU-OSMOSE-AANLEG BY HENDRINA KRAGSENTRALE, MPUMALANGA (DOS
VERWYSINGSNR: 12/12/20/2273): KENNISGEWING VAN GEÏNTIGREERDE
OMGEWINGSMAGTIGING EN KORREKSIE**

Ons vorige brief gedateer 8 Augustus 2012, waarin u in kennis gestel is van die indiening van die Finale Basiese Omvangbepalingsverslag vir bogenoemde projek vir besluitneming deur die Departement van Omgewingsake (DOS), het betrekking. Let asb daarop dat 'n brief, gedateer 22 Februarie 2012 rakende 'n ander projek, verkeerdliks gestuur is en dus geignoreer kan word.

U word hiermee in kennis gestel dat die Departement van Omgewingsake (DOS) op **6 February 2012** 'n positiewe geïntigreerde **Omgewingsmagtiging** (GOM) uitgereik het waarin bogenoemde projek goedgekeur is kragtens die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) (soos gewysig) (WNOB). Let asb daarop dat die GOM verkeerdliks verwys na die projek ligging verwys as Gauteng provinsie. Die owerhede het hierdie fout reggestel van Gauteng na Mpumalanga provinsie in 'n korreksie kennisgewing gedateer **22 Februarie 2012**.

Die GOM magtig Eskom Holdings SOC Bpk (die applikant) om 'n tru-osmose uitvloeibehandeling aanleg op te rig en vir die herwinning van gekonsentreerde afkoelingswater by Hendrina Kragssentrale. Magtiging is toegestaan vir die Verkoelingswater Noord werf alternatief binne die grense van die Hendrina Kragssentrale gebied.

Die voorwaardes verbonde aan die magtiging, die redes vir die magtiging, asook die appèlproses, word in die GOM uiteengesit. 'n Afskrif van die GOM en korreksie kennisgewing is aangeheg en is op versoek beskikbaar van me Louise Corbett van Aurecon South Africa (Edms) Bpk (Aurecon) (tel: 021 526 6027, faks: 021 526 9500 of e-pos: louise.corbett@aurecongroup.com), of vanaf Aurecon se webblad by (www.aurecongroup.com – verander "Current Location" na "South Africa" en klik op "Public Participation").

Die OM sluit, onderandere, die volgende in:

- Afdeling 1 van GOM: Besluite
- Afdeling 2 van GOM: WNOB OIB en WNOB: AB Aktiwiteite Gemagtig;
- Afdeling 3 van GOM: Omvang van Magtiging;
- Bylae 1 van GOM: Redes vir Besluite

Ons wil graag u aandag daarop vestig dat u die reg het om teen die besluit te appelleer. So 'n appèl moet kragtens Hoofstuk 7 van die WNOB se Regulasies vir Omgewingsinvloedbepaling van 2010 by die Minister van Omgewingsake ingedien word. 'n Persoon wat wil appelleer moet 'n Kennisgewing vir die Voorneme om te Appelleer binne 20 dae na ontvangs van hierdie kennisgewing by die Minister indien. 'n Afskrif van hierdie

Voorname om te Appelleer, sowel as 'n aanduiding van waar en vir hoe lank die appèl-voorlegging beskikbaar sal wees, moet binne 10 dae nadat die Voorname om te Appelleer by die DOS ingedien is, ook aan die applikant bedien word. Die Appèl moet ingedien word binne 30 dae na afloop van die 20 dae wat die persoon die reg het om die Kennisgewing van die Voorname om te Appelleer in te dien. 'n Vereenvoudigde voorbeeld van die appèlprosedure is ingesluit by die aangehegte GOM vir u inligting.

Die Voorname om te Appelleer kan op een van die volgende maniere ingedien word:

Per faks: 012 320 7561
Per pos: Departement van Omgewingsake
Privaatsak X447
Pretoria
0001
Per hand: Vir aandag: Minister van Omgewingsake
2de Vloer, Fedsuregebou, Noordtoring
H/v. Van Der Walt- en Pretoriusstraat
Pretoria

Enige appèl wat by die Minister ingedien word, moet voldoen aan die voorwaardes in Hoofstuk 7 van die OIB-regulasies 2010 wat kragtens die WNOB uitgereik is. Dit moet skriftelik by Mnr. T Zwane, Senior Regsadministrasiebeampte (Appèlle) van die DOS ingedien word. U kan ook met mnr. Zwane in verbinding tree by tel (012) 310 3929 of e-pos: tzwane@environment.gov.za.

Treë asseblief met onderstaande in verbinding indien u enige vrae het.

Die uwe
AURECON



LOUISE CORBETT (*Pr. Sci. Nat.*)
Assosiaat: Omgewings- en Adviesdienste



BRETT LAWSON (*Pr. Sci. Nat., Cert. EAPSA*)
Tegniese Direkteur: Omgewings- en Adviesdienste